

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 18: Mishpatim – regsuitsprake; riglyne; verordeninge.

Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou. Ex. 21:1 – PWL¹

Torah: Exodus 21:1 tot 24:18.

Haftorah: Jer. 34:8 tot 22; Jer. 33:25 en 26.

Nuwe Verbond: Matth. 5:38 tot 42; Matt. 15:1 tot 20; Mark. 7:1 tot 23; Luk. 7:1 tot 8:3; Heb. 9:15 tot 22 en 10:28 tot 39.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 18 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

The text says that when the Lord saw that Leah was not loved, he loved her. God was saying, 'I am the real bridegroom. I am the husband of the husbandless. I am the father of the fatherless.' This is the God who saves by grace. The gods of moralistic religions favor the successful and the overachievers. They are the ones who climb the moral ladder up to heaven. But the God of the Bible is the one who comes down into this world to accomplish a salvation and give us a grace we could never attain ourselves. – Tim Keller.

Cheap grace is the preaching of forgiveness without requiring repentance... Cheap grace is grace without discipleship, grace without the cross, grace without Jesus Christ. – Dietrich Bonhoeffer.

God answers the mess of life with one word: "grace" – Max Lucado.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Many mourn for their sins that do not truly repent of them, weep bitterly for them, and yet continue in love and league with them – Matthew Henry.

The recognition of sin is the beginning of salvation – Martin Luther.

Repentance is more than just sorrow for the past; repentance is a change of mind and heart, a new life of denying self and serving the Saviour as king in self's place – J.I. Packer.

My eleventh commandment is to make sure I follow the first ten. – Matshono Dhliwayo.

Torah Bespreking

Hersiening

Die hoogtepunt van verlede week se Torahskriflesing was die aankoms by die berg Sinai. Dit was Yisra'el se eerste baie belangrike afspraak met יהוה op hul tog na die Beloofde Land! יהוה self het hierdie afspraak met Sy volk Yisra'el gereël!

Sewe weke na die uittog uit Egipte het Yisra'el gereed gestaan aan die voet van Sinai om met יהוה 'n bloedverbond te sluit en die instruksies (die Torah) vir hierdie verbond, bekend as die boek van die verbond (Ex. 24:7) te ontvang. Hierdie dag en gebeurtenis staan as *Shavout* bekend – die Fees van Weke (Pinksterfees).

By Sinai het יהוה Sy eiendomsvolk versamel om aan hulle 'n huweliksaanbod te maak. Dit was in opvolg van יהוה se bewys van Sy liefde vir Yisra'el toe Hy hulle van die Egiptiese slawejuk bevry het. Dit was ook 'n voortsetting en uitbreiding van die verbond met Abraham.

Hierdie was יהוה se liefdesverklaring van Sy begeerte om in alle opsigte vir hulle te voorsien, naamlik om as Bruidegom hulle יהוה-Yireh (Voorsiener) na gees, siel en liggaam te wees. As bewys van hierdie liefde en voorneme, het יהוה Homself bereid verklaar om dit deur 'n huweliksverbond (*ketuba*) vir ewig te bekragtig.

Die sluit van hierdie bloedverbond, en die inhoud (die Torah) daarvan, word in Ex. 19:5 tot Ex. 24:11 beskryf. Hierdie staan bekend as die boek van die verbond (Ex. 24:7-8). Dit is die verbond wat Yisra'el verbreek het deur die aanbidding van die goue kalf!

Hein Zentgraf (zentie.hr@gmail.com) verduidelik die gebeure (Shavuot) by Sinai en hierdie huweliksverbond soos volg:

Wanneer ek dit aan ander mense verduidelik, probeer ek op soortgelyke wyse vir hulle leer dat יהוה alreeds in Genesis 2 die mens die hof gemaak en Shabbat juis ingestel het om op gereelde basis met die mens omgang te hê. Hierdie omgang is dan ook om die mens toe te rus en voor te berei vir al יהוה se feeste wat Hy later sou instel. Indien ons nie kon verstaan van Shabbat nie, sou ons nooit enige fees kon verstaan nie, aangesien elke fees minstens een Shabbat insluit. Intussen, as gevolg van die mens se onbetroubaarheid, moes Vader vir ons as toekomstige bruid 'n verloofring (verbondsteken) gee en dit was die 10 Woorde, wat ons dan nou ken as Shavu'ot. Dit is ook die middel van die menorah en die vierde lamp wat aangesteek is soos elke fees, van een to vier, tot op die sekond deur Y'shua vervul is. Soos Hy dan die laaste drie feeste sal vervul, sal die laaste drie lampe aangesteek word en die laaste fees sal dan ook die toppunt wees – die huweliksvoltrekking en bruilofsmaal – met twee Shabatte: 'n dubbele seëning!



Hierdie huweliksverbond was die versekering dat indien Yisra'el יהוה se onderrig en instruksies (Torah) nougeset in hulle lewens toepas, dan sal hulle nooit weer slawe wees nie – nie slawe van mense nie en ook nie geestelike slawe nie!!

Soos reeds genoem staan hierdie dag en gebeurtenis bekend as *Shavout*, die Fees van Weke (Pinksterfees).

Die gee van יהוה se Torah, en die ontvangs en bevestiging daarvan by wyse van 'n verbond, is 'n sinnebeeld van die uitstorting van die Afgesonderde Gees.

Soos Yisra'el van ouds by die berg Sinai het die volgelinge van Yeshua die sigbare manifestasie van יהוה die Almagtige gesien en gehoor. Dit was soos 'n geweldige rukwind en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het (Hand. 2:2).

Net soos Yisra'el van ouds het die gelowiges in Yeshua ook die manifestasie van יהוה se woorde soos tonge van vuur gesien! Anders as met Yisra'el by die berg het die vuur van יהוה nie die Torah op kliptafels geskryf nie, **MAAR** op die tafels van die harte van elke gelowige in Yeshua soos deur Jeremia geprofeteer was (Jer. 31:31-34) en deur die skrywer van die brief aan die Hebreërs bevestig word (Heb. 8:8 tot 12).

Die Afgesonderde Gees is die deposito van יהוה se Gees wat in ons verstand, wil en emosie gegee is (2 Kor. 1:22; 2Kor. 5:5). Dit is die waarborg van ons erfenis as Bruid van Die Gesalfde Een.

11 In eenheid met Hom is ons gekies soos Hy ons vroeër aangestel het en het Hy gewil dat Hy alles sal doen volgens die doel van Sy wil

12 sodat ons, wat eerste 'n versekerde verwagting in Die Gesalfde Een gehad het, kan wees tot eer en lof van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid

13 sodat julle ook, die boodskap van die waarheid, die goeie boodskap van julle redding deur Hom, gehoor het, in Wie julle vertrou het en julle geseël is in die Gees wat Afgesonderd is wat belowe is,

14 wat die waarborg is van ons erfenis, tot die losprys van hulle wat gered is en vir die eer en lof van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid. Efes. 1:11-14

Mishpatim

Mitzvah (meervoud: *mitzvot*) is die oorkoepelende naam vir al יהוה se bevele (opdragte) en kan soos volg onderverdeel word:

- *Mishpatim* is die sosiale, sedelike en morele opdragte vir 'n suksesvolle en vreedsame samelewing. Byvoorbeeld Exodus hoofstukke 21, 22 en 23. Dit is regsuitsprake (riglyne) op grond van Torah.
- *Eidot* is die opdragte (bevele) wat ons uitvoer en wat as getuie dien van 'n feit of 'n gebeurtenis wat plaasgevind het. Byvoorbeeld Ex. 13:9 (Tefilin – gebedsboksie); Num. 15:37 (Tzitzit – klossies) en Ex. 20:8 (Shabbat).
- *Chukkim* is die insettinge (opdragte) wat ons nie (ten volle) verstaan hoekom ons dit moet doen nie. Byvoorbeeld Ex. 23:19 (mag nie 'n bokkie in sy moeder se melk kook nie) en Deut. 22:11 (mag nie wol en linne meng nie).

Parashah *Mishpatim* handel hoofsaaklik oor ons verhouding met ons medemens en dit begin met die *mishpatim* ten opsigte van slawe (Ex. 21:1 tot 11).

Ons kan dan wel die vraag vra of Torah ten gunste van slawerny is? Die antwoord is te vinde in die onderskeid tussen 'n Hebreuse slaaf en 'n nie-Hebreuse slaaf! Die *mishpatim* (regsuitsprake) in Ex. 21:1 tot 11 is ten opsigte van Hebreuse slawe, met ander woorde ten opsigte van volksgenote wat weens armoede hulle dienste moes verkoop het. Maar ons moet onthou dat 'n gemengde menigte van mense – mense van gemengde bloed – het ook saam met Yisra'el uit Egipte getrek (Ex. 12:38). Die regsuitsprake ten opsigte van Hebreuse slawe was ook op hierdie menigte van mense van toepassing. Hulle was deel van Yisra'el – dit was ook hulle medemens.

As gelowiges in Yeshua as Die Gesalfde Een tot versoening met יהוה is ons die gemengde menigte wat by Yisra'el aangesluit het – die ware Yisra'el onder Koningskap en Priesterskap van Yeshua!

Gewapen vir die stryd!

Yisra'el het volgens hulle leërafdelings en gewapen uit Egipte getrek.

Dit het so gebeur dat יהוה die seuns van Yisra'el, volgens hulle leërafdelings, op daardie selfde dag, uit Mitzrayim uitgelei het. Ex. 12:51 Hand. 13:17

God het die volk daarom omgelei op die pad van die wildernis na die Rooisee. Die seuns van Yisra'el het gewapend uit Mitzrayim uit opgetrek. Ex. 13:18

Hulle was gereed vir enige moontlike oorlog, want יהוה het hulle met 'n verhewe arm, naamlik met 'n vertoning van God se Almag, uitgelei! יהוה het die arm van Faraο gebreek (Eseg. 30:21). Paulus beskryf dit soos volg:

Die God van hierdie mense het ons vaders gekies en die mense opgelig en vermeerder toe hulle vreemdelinge in Mitzrayim was en hulle met 'n verhewe arm daar uitgelei. Hand. 13:17

Hierdie is ook 'n raak beskrywing van ons verlossing uit die Egipte van sonde wat ons gevange gehou het as slawe van sonde! Yeshua is die verhewe arm van יהוה waarmee ons uit die slawerny van sonde bevry was!!

13 Hy het vir julle, wat dood was deur julle sonde en die onbesnedenheid van julle menslike natuur, lewe gegee saam met Hom en ons al ons sondes vergewe.

14 Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgegee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan.

15 Deur Sy liggaam af te lê, het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenlike self. Kol. 2:13 tot 15.

‘n Soldaat word opgelei om te veg; om waar nodig is aan te val en waar nodig is om te verdedig. Maar dit is nie ‘n soldaat se taak om vrede te maak nie! Nee, hy veg sodat die vyand oorwin kan word en daar dan vrede sal heers! Daarom moet ons die woorde van Yeshua onthou soos dit opgeskryf is in Matt. 10:34 tot 39:

34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar ‘n swaard,

35 want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen ‘n man en sy vader en tussen ‘n dogter en haar moeder en tussen ‘n skoondogter en haar skoonmoeder;

36 ‘n mens se vyande sal die kinders van sy huishouding wees.

37 Wie ‘n vader of moeder meer lief het as vir My, is My nie waardig nie en wie ‘n seun of dogter meer lief het as vir My, is My nie waardig nie

38 en elkeen wat nie sy kruis optel en My volg nie, is My nie waardig nie.

39 Wie ook al sy lewe self verloor om My ontwil, sal dit vind. Wie ook al sy lewe self vind, sal dit verloor.

Dikwels is geliefdes en vriende ook ons “vyande” wat oorwin moet word.

Bepeins of Bespreek

1. Is ons georganiseerd en bewapen vir ons wildernistog in hierdie wêreld? ‘n Swaar gewapende soldaat van ouds was beskryf as *khalutzeem*. Is jy ‘n *khalutzeem* – iemand wat swaar gewapen is vir die oorlog? ‘n *Khalutzeem* is ook ‘n pionier, ‘n baanbreker, iemand wat sy pad oop sal veg! Is jy regtig bereid om openlik standpunt in te neem oor jou geloofsoortuiging – selfs teenoor geliefdes en vriende, of bly jy eerder stil terwille van die vrede? Wat doen jy om die waarheid te verkondig? Is jy al vervolgd en het jy al oneer gely terwille van Sy Naam en die Waarheid? Lees Hand. 5:38 tot 42.
2. Neig ons nie almal om verkieslik ‘rusbank-gelowiges’ te wees nie? Is die woorde van Leonard Ravenhill van toepassing op jou toe hy gesê het: *How can you pull down strongholds of Satan if you don't even have the strength to turn off your TV?*

Haftorah Bespreking

Jer. 34:8 tot 22 – Liefde vir medemens

Hierdie week se Haftorahskriflesing sluit aan by die gedeelte van die Torahskriflesing wat betrekking het op die onderrig en instruksies ten opsigte van Hebreëuse slawe (Ex. 21:1-11). Torah leer dat ‘n Hebreër wat weens ekonomiese redes homself as slaaf aan ‘n ander Hebreër moet verkoop om sy skuld te betaal, in die sewende jaar as vryman weg moet gaan.

¹Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou:

²as jy ‘n Hebreëuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy vry weggaan sonder om te betaal. Ex. 21:1 en 2.

Die hoofdoel van hierdie *mishpatim* was tweeledig, naamlik;

- ❖ Dit het verhinder dat die rykes super-ryk sou word en
- ❖ Dit het die armes 'n geleentheid gebied om ekonomies weer selfstandig te word.

Dit beteken dat elke sewende jaar het daar 'n gedeeltelike verdeling van rykdom of gelykstellende aksie plaasgevind. Maar dit het op so 'n wyse plaasgevind sonder om hardwerkendheid en vindingrykheid in die kiem te smoor. Hierdie onderrig en instruksies van יהוה kan nie met kommunisme of sosialisme vergelyk word nie, maar was bedoel om vir die armes te sorg op 'n wyse wat hulle menswaardigheid sou herstel. Dit kan ook gesien word as 'n daad van naasteliefde en 'n demper op geldgierigheid. Aangesien dit 'n daad van gehoorsaamheid aan Torah is, sal יהוה die ryke weer (en met meer?) oorvloedig seën.

Tydens die profetiese bediening van Jeremia het Yisra'el in vele opsigte Torah verontagsaam soos byvoorbeeld die *mishpatim* ten opsigte van Hebreuse slawe. Die gevolg van hierdie handeling was dat יהוה se strafgerigte teen Yisra'el op hande was en dit blyk dat die uitbuiting van hulle minder bevoorregte landgenote יהוה se oordeel bespoedig het.

In die lig van die naderende Babilon-bedreiging het Yisra'el hulle sonde besef, hulle verootmoedig en onderneem om getrou volgens Torah te handel deur alle Hebreuse slawe vry te laat. Toe die bedreiging van Babilon egter blyk om oor te wees, het Yisra'el egter die verbond verbreek en die slawe wat vrygelaat was, gedwing om weer in hulle diens te wees.

15Alhoewel julle onlangs omgedraai het en gedoen het wat reg is in My oë, om elkeen vrylating aan sy naaste aan te kondig en julle 'n verbond gesluit het voor My Teenwoordigheid, in die huis wat na My Naam genoem is

16het julle tog gedraai en My Naam (Karakter en Outoriteit) oonteer en elkeen het sy slaaf en sy slavin wat julle vrygelaat het volgens hulle begeerte, teruggevat en julle het hulle in onderdanigheid gebring om julle slawe en slavinne te wees;” Jer. 34:15-16

Met hierdie optrede het Yisra'el 'n bespotting van יהוה en Sy Torah gemaak. Hulle optrede was bevestiging dat hulle nog nie die besnydenis van hulle harte ondergaan het nie. Yisra'el se geldgierigheid en gemaksug het voorkeur bo hul liefde vir hul naaste en hulle liefde vir יהוה en vir Sy Torah gehad. Die gevolg hiervan word in die woorde van Jeremia duidelik:

17daarom, so sê יהוה: ‘Julle het nie na My geluister om vrylating aan te kondig, elkeen vir sy broer en vir sy naaste nie. Let op, Ek kondig 'n vrylating aan vir jou,’ verklaar יהוה, ‘tot die swaard, die pes en die hongersnood en Ek sal van julle 'n verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde.

18Ek sal die manne wat My verbond oortree het, wat nie die woorde van die verbond nagekom het wat hulle voor My Teenwoordigheid gesluit het nie, toe hulle die kalf in twee stukke gesny en tussen die stukke deurgeloop het;

19die amptenare van Y'hudah, die amptenare van Yerushalayim, die hofamptenare, die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het; Jer. 34:17 tot 19

יהוה vergelyk sy strafgerigte wat oor Yisra'el sal kom met die deel van die verbondseremonie waar die dier wat as verbondsoffer gedien het, geneem was en oor die lengte van kop tot stert middeldeur gesny en die twee helftes teenoor mekaar geplaas was. Die twee persone, of die verteenwoordiger van elke groep, wat die verbond sluit, het dan rug-teen-rug tussen die twee helftes en in die bloed van die dier gestaan. Beide het dan in 'n sirkel geloop om aangesig-tot-aangesig te eindig. Die syfer 8 (simbolies van 'n nuwe begin) is op die wyse gevorm.

Hierdie deel van die verbondseremonie simboliseer die sterwe aan die eie ek en die begin van 'n nuwe lewe (wandel) saam as verbondsvennote. Dit simboliseer ook die feit dat sou een party die verbond verbreek, die ander die reg het om dieselfde met hom te doen as met die verbondsoffer, naamlik om hom dood te maak.

Yisra'el se oortreding van die Torah van Moses, die geskrewe wet, is vergelykbaar met die verbreking van 'n bloedverbond. Daarom word Yisra'el se minagting van die Torah ten opsigte van slawe, naamlik mede volksgenote, as strafbaar met die swaard, die pes en die hongersnood beskou! Yisra'el se geldgierigheid en gemaksug, deur nie die slawe (mede volksgenote) in die sewende jaar sonder skuld permanent vry te laat nie, het יהוה se oordeel tot gevolg gehad.

Ek sal hulle gee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en hulle lyke sal kos wees vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die aarde. Jer. 34:20

So regverdig as wat יהוה met Sy seëninge is, net so regverdig is Hy met Sy oordele en strafgerigte. In die afwesigheid van lewensveranderende berou, en sonder terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid, word יהוה met geen ander keuse gelaat as om ons te straf nie!

Hierdie Haftorah dien as voorbeeld en waarskuwing van die gevolge indien ons nie ons naaste liefhet soos onself nie.

37.....Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip.

38Dit is die eerste en grootste opdrag

39en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Matt. 22:37-39.

Ons optrede teenoor, en ons verhouding met ons medemens is 'n getuienis en bewys van ons verhouding met ons Hemelse Vader. Ons kan dit ook anders stel, naamlik: Torah leer ons dat ons verhouding met יהוה moet gelykstaande wees aan, en 'n weerspieëling wees van, ons alledaagse verhouding met ons medemens. Die apostel Johannes verduidelik dit soos volg:

9Wie daarom ook al sê dat hy in die Lig is terwyl hy sy broer haat, is steeds in die duisternis.

10Wie sy broer voortdurend liefhet, bly in die Lig en daar is geen oortreding in hom nie,

11maar hy wat sy broer haat, is in die duisternis en leef in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie omdat die duisternis sy oë blind gemaak het. 1 Joh. 2:9-11.

Die nougesette toepassing van die *mishpatim* – die regsprake van יהוה – is die waarborg vir 'n vreedsame en ordelike samelewing.

Die wyse om ons medemens te behandel kan opgesom word in hierdie woorde van John Wesley:

Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, in all the places you can, at all the times you can, to all the people you can, as long as ever you can.

Hierdie is die versekering dat ons die *mishpatim* ten opsigte van ons medemens nougeset sal nakom!

Opsommend: Hierdie week se parashah, *mishpatim*, is die eerste praktiese toepassing van *jy moet jou naaste liefhê soos jouself!* Dit is as te ware stap een van die proses om Yisra'el te vorm tot 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde volk ten einde יהוה se eiendom uit al die volke te wees (Ex. 19:5).

Bepeins of Bespreek

1. 'n Hebreuse slaaf kan dus ook gesien word as 'n 'werknemer' in die diens van 'n Hebreër. Die ekonomiese situasie het die Hebreër (slaaf) gedwing om sy dienste te verkoop. Is hierdie ook 'n les hoe ons as werkgewers die moet behandel wat in ons diens is, veral as hulle mede-gelowiges is?
2. Hoe dikwels het ons as idividue of as huisgesinne of as volk in tye van nood ons sonde bely en voor יהוה verootmoedig om dan later wanneer die 'noodsituasie' verby gegaan het, maar net weer op ons ou weë voort te gaan. Dikwels het mense berou oor die gevolge van sonde, maar nie berou oor die oorsaak van die sonde nie. Laasgenoemde is die berou van die onbesnedenes van hart!
3. Is ons nie ook dikwels daaraan skuldig dat ons 'slawe' van mense maak deur hulle te laat werk teenstrydig met die opdrag van יהוה se Torah oor Shabbat nie? Wat daarvan as jy op Shabbat gaan inkopies doen, of vereis dat jou huishulp op Shabbat moet werk, of as jy 'n besigheid op Shabbat bedryf? Wat doen jy as jy volgens diensooreenkoms verplig word om op Shabbat te werk of om op Shabbat jou besigheid te bedryf? Ons is in vele opsigte vasgevang in 'n wêreldsisteem wat van ons 'Egiptiese slawe' maak. יהוה vereis gehoorsaamheid, maar dan dien ons ook 'n Hoofpriester wat medelye met ons het (Heb. 4:14 tot 16). Word die antwoord vir ons in Heb. 4:16 gegee?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.